**19 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 26:36-46**
**Fokusgedeelte: DL, 5:2**

**Veg teen versoekings met God se krag!**

Omdat ons reeds gered is, maar nog nie volkome heilig gemaak is nie, is ons nog vatbaar vir versoekings. Ons ondervind dit elke dag hoe ons met goeie voornemens van ’n heilige lewe die dag begin, net om ons later bitter teleur te stel, omdat ons geswig het voor ’n versoeking. Daarom bely ons: “Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid; en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig.” Jesus self het gesê (vers 41): “Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

Ons moet dus op ons hoede wees teen versoekings. Versoekings is op hulle gevaarlikste wanneer jy hulle die minste verwag. Daarom moet ons bid dat God vir ons die krag sal gee om staande te bly in die versoekings. Ons sal alleen met God se krag kan staande bly, want al is ons gees gewillig, is ons vlees swak, dit wil sê, al wil ons die goeie doen, is ons weens ons sondige natuur nog steeds tot die kwade geneig. Jesus het ons ook geleer om te bid: “Laat kom ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose.”

Derhalwe bely ons oor die heiliges: “Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die bedorwe natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van godvresendheid en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang, totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.”

Wanneer ons toegegee het aan versoekings moet ons met ootmoed voor God verskyn, ons sonde bely en vashou aan die gekruisigde Christus wat vir ons versoening gedoen het. Deur sy Gees sal Hy ons wel tot volmaaktheid lei in die lewe hierna!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~